**MATIES!**
Probeer u eie winkel vir herstelwerk aan u rakette:
Kort snare 1/-. Lang snare 1/3.
Hersnarings: 17/6, 19/6, 25/6, 35/6. Armours super special snare 37/6.
**DIE EIKESTADWINKEL**
(Edms.) Bpk.
**C.S.V. HOOFGEBOU.**
**Stellenbosch.**

# DIE Matie

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.
ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
FIETSE EN FIETSPARTE NOU IN VOORRAAD.
Alles teen die billikste terme.
**Onthou—**
**Net langs Suikerbossie.**

DEEL II, No. 9. VRYDAG, 24 APRIL 1942. PRYS 1d.

## Hulle Kom, Ja, So Kom Hulle . . . .

Daar is dankbaarheid in die hart van elke lid van die A.N.S.-O.B.-front op Stellenbosch.

Die klompie studente-volgelinge van dr. Malan, die man wat met Veldmaarskalk Smuts wedywer om die posisie van „Openbare vyand No. 1 van die O.B.", is aan die kom na die A.N.S. en die Ossewabrandwag toe. Die herder is bly selfs oor een verlore skaap wat terugkeer na die kudde!

Die leiding van die A.N.S. en die O.B. hier op Stellenbosch gryp so diep in die nasionale hart van die Afrikaner en is so inspirerend en so intens patrioties en staan so direk in die teken van die tyd, dat hierdie leiding gevolg vord, nie net deur lede van ons Studentefront nie, maar selfs deur ons medestudente van die H.N. of V.-party.

In hul aanvaarding van ons Studentefront as die leidende Afrikaner-organisasie op Stellenbosch, is ons vriende van die Party inderdaad bereid om die leiding van die A.N.S.-O.B. tot in fyne besonderhede te volg, soos onder andere hieruit blyk:

Die O.B. reik BEVELE uit: die Demokrate het nou self al gevolg tot op die „moet"-stadium: hulle reik MOETE uit. („L.W. Elke lid **moet** teenwoordig wees," met twee strepies onder die „moet").

Die O.B. het in die verlede gebruik gemaak van EREWAGTE by hulle vergaderings: Ook die Party probeer nou daardie O.B.-nuwe ordelikheid handhaaf deur middel van myle-lange erewagte op elle-lange vergaderings. Die **regimentasie van studente op Stellenbosch het jou waarlik 'n aanvang geneem!**

Die A.N.S.-O.B.-front het een oggend om sesuur sy LANDSDIENSSKEMA van stapel laat loop. Ons H.N.P.-vriende het die volgende Saterdag om halfvyf (ja, werklikwaar 4.30 v.m.) bymekaargekom vir 'n **vroeë-môre** veldparty, en al het hulle dan nie landsdiens verrig nie, het hulle volksdiens verrig deur hulleself na die liggaam te versterk met myle wors en strome koffie.

'n Hardnekkige gerug doen egter die rondte dat ook hulle eersdaags met landsdiens gaan begin.

By bogenoemde geleentheid, na ons verneem, het 'n hele paar van die Nul-kwadrate ($0^2$-0.0.-Ou Orde alias O.B.-Old Boy's brigade) as sprekers opgetree. Ons ex-offisiere **kom** weer; ja, so kom hulle....

Die A.N.S. bestaan reeds die afgelope tien jaar as die Bond van Afrikaanse studente; aan die H.N.-P. hier plaaslik het dr. Dönges aan die hand gedoen dat hulle in die Suide 'n H.N.P.-studentebond of iets dergeliks in die lewe moet roep. Kom, Kom, Kom!

Die A.N.S.-O.B.-front lê hom daarop toe om sy lede op hoogte te bring met die wese van die Christelik-Nasionaal - Socialistiese Republiek waarna ons strewe. Ons H.N.P.-vriende mag nou wel nie sulke subjektiewe, perspektieflose propaganda aanpak nie, maar volg tog weer op 'n afstand met die bestudering van die geskiedenis en strewe van die Nasionale Party. Ons het dus alle hoop dat hulle na afloop van hierdie studie saam met ons sal begin dink oor die **toekoms**. Kom maar so; die A.N.S.-O.B. sal ook hierin lei.

Die A.N.S.-tak het sy eie BLAD, Die Matie; ons Party-vriende het al gevorder tot op die stadium waar hulle vir propaganda-doeleindes van 'n bepaalde rubriek in ons objektief-letterkundige anti-regimentasie-maandblad gebruik maak. (Vide „Fliek," Die Stellenboschse Student, Maart 1942).

**Ons sê weer dat elke A.N.S.-O.B. dankbaar is vir hierdie paar stappe wat ons vriende reeds nader aan ons gebring het. Ons spreek egter die hoop uit dat ons mede-studente van die H.N.P. nie meer lank soos minderwaardiges agter ons sal loop nie, maar dat hulle eersdaags soos gelykwaardiges saam met ons sal marsjeer.**

**KOM HULLE SO, SO SAL HULLE NIE OMKOM NIE!**

## Waarvoor Veg Suid-Afrika?

### Die Huidige Oorlog en die Rewolusie van die Twintigste Eeu

Die A.N.S.-O.B. Studentefront op Stellenbosch het sy strewe en taak vir die jaar onomwonde aangesluit by die Rewolusie van die Twintigste Eeu. As draers van 'n gedagte wat juis die antitese is van die hele rigting waarin die huidige Regering se oorlogsbeleid ons land stuur, is dit van pas dat ons in die wêreldrumoer en interne stryd van vandag 'n slag tot stilstand kom en weer uitmaak waarop Suid-Afrika se oorlogspoging presies gemik is.

Hierdie kwessie word vandag in ons inleidingskolomme bespreek. Duidelikshalwe stel ons hier kort en bondig die dinge waarvoor Suid-Afrika saam met die ander bondgenote van Brittanje die huidige oorlog voer:

**Hulle veg vir die vryheid van die Plutokraat om ons te kan uitbuit en ons vaderland se bronne te kan roof.**

**Hulle veg vir die vryheid van die Kapitalis om geld te maak en hulle veg vir ons reg om vir hom te werk teen 'n hongerloon.**

**Hulle veg vir die reg van 'n Liberalistiese Pers om ons daagliks met propaganda die lekker van ons lot in te pomp, sodat ons in „Christelike" tevredenheid in ons ellende sal berus.**

**Hulle veg vir die behoud van die magteloosheid van die Volk deur partypolitieke verdeeldheid.**

**Hulle veg vir die voortbestaan van gemanipuleerde wetgewing en onbeholpe regering, soos beliggaam word in die Parlementarisme.**

**Hulle veg vir die Demokrasie wat wesentlik al hierdie dinge is.**

**Hulle veg vir die vernietiging en uitdelging van die bevrydende sosiale en nasionale IDEE van die Rewolusie van die Twintigste Eeu.**

## Skaak

Daar het geblyk soveel belangstelling te wees vir die voorgenome studente-skaakklub dat daar eersdaags sal oorgegaan word tot die stigting daarvan en die reëling van wedstryde. Die plek en tyd van klub-byeenkomste sal ook nog moet bepaal word. Verdere organisasie-werk in dié verband sal moet oorstaan tot na die vakansie.

## Pieter Haasbroek.†

Ons het verlede Dinsdag met innige leedwese verneem van die afsterwe van een van ons medestudente, Pieter Haasbroek.

Na voltooing van sy skoolloopbaan in die Outiniqua-Hoër-skool, George, het hy verlede jaar na Stellenbosch gekom. Hy was 'n gereelde bydraer vir „Die Student," en daarby 'n besonder aangename persoon om mee om te gaan.

Huidige en oud-lede van die **Komaan - Studente - Blaasorkes** verneem met leedwese dat hul sekretaris en tesourier uit sy arbeidskring weggeneem is. As medestigter van die orkes het hy nie alleen op hierdie pioniersstadium die moontlikhede van so 'n instelling ingesien nie, maar kom ook heelhartig daarvoor beywer, en steeds die hoop gekoester om self 'n instrument te bespeel sodra sy gesondheid dit sou toelaat. Op die wye gebied van nasionale jeugorkeste in die nabye toekoms het hy die voorbeeld gestel, en reeds op jeugdige leeftyd sy verpligtings teenoor die nageslag nagekom.

Ons sal hom mis.

Ons wil ook ons diepe simpatie betuig aan sy Vader, Moeder en Broer.

## U. S. Prof. (all in) Stoeiklub

Die Stoeiklub het sy eerste vergadering van die jaar gehou op Dinsdag, 14 April. Aangesien die klub nou 'n ledetal van 23 bereik het, is daar besluit om die bestuur, wat totnogtoe uit die Kaptein en Sekretaris bestaan het, uit te brei. Die bestuur van hierdie jaar is dan as volg: —

Kaptein: J. C. de Wet Steyn.
Sekretaris: P. W. Mans.
Tesourier: H. Davin.
Add. Lid: D. G. Conradie.

Ons wil ook weer alle belangstellendes uitnooi om ons oefening, vir hierdie kwartaal nog elke Maandagaand om 7.30 n.m., te kom bywoon. U sal dan sien hoe lekker dit is om met mekaar op die mat te speel.

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan. Deskundige Fotografiese Handelaars.
Maak gebruik van ons Vlugge Fotografiese Posdiens.
**JOHNNING EN SEUN**
(Edms.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

*Hartlik Welkom!! Maties!*
Vra vir U lys van Voorgeskrewe Boeke
en 'n Gratis Kalender.
**C.S.V.-BOEKHANDEL**
**Stellenbosch**
Ons het die GROOTSTE verskeidenheid VULPENNE op Stellenbosch.
DEPONEER U BOEKEGELD.
Vra Besonderhede.

**„Die Uitspan"**
Heet alle studente hartlik welkom op Stellenbosch!
Kom geniet seker 'n koppie van ons
Spesiale „Uitspan-Gesondheidsdrank,"
tee, koffie of melkdrank, en maak beter kennis met
**„Die Uitspan"**

Dames dis u plig om u hare by die
DAMES HAREVERSORGING-SALON
te laat versorg.
*U voorkoms is hoofsaak.*
U onderskeiding by ons verseker die vordering van die Afrikaanse ondernemingsgees en versorg werk vir die Afrikaner dogter.
*Ons pryse is na u smaak.*
**Dagbreek-Dames-Hareversorgingsalon**
**Langmarkstraat 141,**
**KAAPSTAD.**
(Grondvloer).
*Skakel 2-5662.*

Tel. 2-1944. Posbus 2657.
**R. W. van Rijn,**
BRILMAKER.
Kamers 501-520 Vyfde Verdieping
Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.
Laat u brilvoorskrif deur my voltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame.
Spesiale afslag vir Studente.

**R. MÜLLER**
EERSTE vir KLAVIERE, VLEUELS, ORRELS.
Alle ander soorte
MUSIEKINSTRUMENTE, MUSIEKALE BENODIGHEDE, DRAADLOOSTOESTELLE EN GEDRUKTE MUSIEK.
WAPENS, AMMUNISIE, ens.



**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
KAAPSTAD en STELLENBOSCH.

*Dames!!*
'n Groot besending van die gewilde Kookboekies pas ONTVANG
●
„250 Cake Recipes"
„500 Snacks"
„300 Ways to serve Eggs"
„The Candy Book"
„300 Dairy Dishes"
„500 Tasty Sandwiches"
„The Cooky Book"
„250 Delicious Soups"
„250 Ways to prepare Meat"
„250 Ways to prepare Poultry"
en nog 10 ander Titels.
1/6 elk, 15/- per dos.
●
**C.S.V.-BOEKHANDEL,**
STELLENBOSCH.

*Ondersteun Die Matie*

**DIE MATIE**

Hoofredakteur: A.N.S.-Taksleier.
Redakteur: P. A. Theron.
Ass.-Redakteur: B. J. v. d. S. de Villiers en P. O. le Roux.
Besigheidsbestuurder: S. P. Botha.
Spesiale Medewerkers: D. G. Franzsen, W. R. Laubscher.

Deel II. 24 April 1942. No. 9.

## Waarvoor Veg Suid-Afrika?

Dit het vandag al 'n gemeenplaas geword dat die huidige oorlog gaan oor 'n botsing van Ideologie. Juis vir die Afrikaner is dit dus van belang om in hierdie krisistyd van sy volksbestaan duidelik te kan sien waarom sy land in die oorlog betrokke geraak het. En dan is dit duidelik dat ons nie kan saamstem met die redes wat van regeringskant aangegee word nie.

Ons, as Afrikanervolk, kan nooit enige waarde heg aan die sogenaamde VRYHEIDSOOGMERK van die Regering nie. Dit is dan juis die magte van die Britse Ryk wat ons vryheid vernietig het en ons vlag vervang het met die Britse Union Jack! Ná dit alles gebeur het is aan ons geleer dat waar die Union Jack wapper, daar heers die vryheid. Desnieteenstaande is op 4 September 1939 oorlog verklaar teen die wil van die volk: die Goewerneur-Generaal, verteenwoordiger van die koning van Engeland in Suid-Afrika, het geweier om 'n algemene verkiesing uit te skryf sodat die volk sy beslissing kon vel oor die kwessie van oorlog of vrede.

**Met hierdie dinge vars in ons geheue, sal niemand wat by sy sinne is ons dit kwalik kan neem as ons die storie dat ons regering vir vryheid veg, ongeloofwaardig vind nie.**

Maar meer nog. Die regering veg vir die VRYHEID van die GEWETE, die vryheid van DENKE en van die WOORD; ja, vir die onbesoedelde VRYHEID VAN DIE INDIWIDU. Niemand sal ons kan teenspreek as ons nou hier botweg verklaar dat hierdie oogmerk somaar pure huigelary is nie.

As iemand ooit teen die magte van die Kapitalisme in ons land te staan gekom het, dan sal hy weet dat hierdie soort „vryheid" suiwere versinsel is. Dit bestaan nie! Die danige vryheid van die indiwidu, sonder die rugsteun van Kapitalisme, is 'n spotterny, — getuig die talle Afrikaners in die regering se helkampe nie genoegsaam van die waarheid hiervan nie!

**Ons weet almal, hoe paradoksaal dit ookal mag klink, dat dit onder die huidige stelsel waar is dat diegene wat die KAPITAAL beheer, ook die gewete, die denke en die woord van die volk beheer. Die Engelsman noem dit „Financial Democracy."**

En voeg hierby nog dit: Wat beteken vryheid vir die vader of moeder wat nie dak, kos of klere vir hul kinders het nie? Watter waarde het hierdie vryheid dan wat uit 'n miljoen of wat Afrikaners 300,000 armblankes skep? Watter vryheid is dit hierdie wat talle Afrikaners teen hul sin en wil verplig om soldaat te word, omdat hulle anders nie sal kan eet nie? Dit is die wrede diktatorskap van die Brood. Die man sonder geld is die man sonder vryheid.

**Vryheid? Nee, die Afrikanervolk weet die Regering veg nie vir vryheid nie.**

Maar ons Regering veg ook mos vir die CHRISTELIKE GODSDIENS. Dis baie snaaks dat die Jode wat al die jare nog steeds ywer vir die ondergang en vernietiging van die Christelike beskawing, nou skielik die groot voorstanders is van 'n oorlog wat kastig vir die Christelikheid geveg word. Dit is snaaks dat Engeland, wat nou besig is met 'n kruistog vir Christus, die vriendskap en hulp van godloënaars soek.

Hierdie mense wat nou vir die Christendom veg, waarom ken hulle dan nie naasteliefde nie? Getuig die vol slums van Engeland van naasteliefde by die regeerders van daardie land? — Om van Suid-Afrika nie eens te praat nie. En hierdie mense wat vir die Christendom veg, waarom aarsel hul propagandamasjiene dan nie om van verdraaiings, misleiding en leuens gebruik te maak nie?

**„Nee, die „our way of life" waarvoor Gen. Smuts veg, is sekerlik nie die Christelike „way of life" nie.**

Die redes waarom ons regering oorlog maak word graag saamgevat deur te sê dat hulle veg vir REG en GEREGTIGHEID teen die magte van die bose. As ons Regering veg vir reg en geregtigheid, dan het Gen. Smuts darem ver afgedwaal, of gou vergeet dat 'n boek soos „Een Eeuw van Onrecht" ooit die lig gesien het.

**Ons Afrikaners weet dan nog nie mooi waarvoor ons Regering eintlik veg nie. Daar word nog maar steeds in die lug geskerm en na nuwe name gesoek vir hierdie „heilige oorlog." Die waarheid word agter allerhande huigelagtighede versteek.**

Ons weet egter dit: dat ons ligging, ons bevolkingssyfer, ons bevolkingssamestelling, ons geskiedenis, ons eer en ons lewensbeskouing van ons eis dat ons ten minste neutraal sal wees in hierdie oorlog. Van 'n argument waarom ons sal deelneem aan hierdie oorlog aan die kant van Engeland, weet ons nog nie. Sal ons ooit hoor?

---

Mnr. Franzsen begeef hom na die Karoo vir die vakansie. Hy gaan oefening soek.

# Die Oorlog

## IX. Die Stryd aan die Politieke Front

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Gedurende die afgelope week het daar aan die oorlogsfronte geen groot verandering plaasgevind nie. Daar was aan albei kante heelwat lugbedrywigheid, sowel in die Verre Ooste as in die Weste. Ook die Duikboot-oorlog, veral in die Atlantiese oseaan, gaan sy gang. Op land word verdere terugtrekkings in Birma vermeld. Die grootste gedeelte van die Birmese olievelde sou reeds deur die Britte vernietig wees en hiermee minister skyn daar reeds nie veel liefde vir sy vroeëre bondgenoot te wees nie. Uit sy jongste toespraak waar hy o.a. die nuwe Franse buitelandse beleid aangekondig het, en waaroor die B.B.C. veel spraaksamer as Sapa-Reuter was, is dit duidelik dat hy aan samewerking met die Spilmagte die voorkeur gee. Sonder gevaar om te oordryf, kan reeds 'n positiewe anti-Britse gesindheid uit sy toespraak afgelei word.

*Deur Prof. J. A. Wiid*

is die noodsaaklike olievoorsiening aan China beslis nie gebaat nie. Dit wil skyn asof die oorlog in Birma 'n kritieke stadium nader. In Rusland, waar die dooi-weer voortduur, is 'n grootskaalse landoorlog nog nie moontlik nie.

Terwyl daar veel gepraat word oor komende offensiewe, is dit veral aan die politieke front waar daar groot bedrywigheid aan die dag gelê word. Verlede week was dit in Indië waar Brittanje 'n ernstige politieke nederlaag gely het; hierdie week is dit in Frankryk.

### LAVAL

In Frankryk het 'n nuwe regering onder Laval aan die bewind gekom. Hierdie gebeurtenis is vir die Brits-Amerikaanse bondgenote die oorsaak van groot ontsteltenis en deur die venyn wat hul op Laval uitbraak, loop hul gevaar om die Fransman heeltemal in die arms van Duitsland te dryf. By die nuwe Franse Eerste-

Hierdie wending in die Franse buitelandse beleid het nie uit die hemel geval nie en het ook nie sy oorsaak in Laval nie. Sedert Frankryk in Junie 1940 een van die grootste vernederings in sy geskiedenis ondergaan het, moes hy ook uit die hand van sy vroeëre bondgenoot, Brittanje, 'n reeks harde slae ondervind wat nie bereken was om weersydse agting en vriendskap te bevorder nie. Afgesien van die verwyte wat oor en weer gemaak is oor die oorsake van Frankryk se ineenstorting, het Brittanje in die „Vichy-regering" van die begin af 'n vyand gesien en in hierdie gees het hy nie slegs 'n alternatiewe „Vrye" Franse regering onder De Gaulle in Londen erken nie, maar 'n hele reeks vyandelike dade teen Frankryk begaan. 'n Mens hoef maar net te herinner aan die Britse blokkade van Frankryk, aan die beskieting van die Franse vloot by Oran, aan die aanval op Dakor, aan die Britse inval in Sirië, aan die beslaglegging op of „demilitarisasie" van Franse skepe en aan die vliegtuigbombardement op Franse nywerheidstede. Dit alles het seer seker daartoe bygedra dat daar vandag 'n anti-Britse Pierre Laval aan die hoof van die Franse regering staan. Dit alles het daartoe bygedra om samewerking tussen Duitsland en Frankryk aan te moedig. Oor die rol wat die swaarbeproefde Frankryk in hierdie oorlog nog mag speel, kan alleen gespekuleer word. Dit is egter moontlik dat van die Franse vloot en van die Franse kolonies eersdaags meer gehoor sal word.

### SKEPE EN NOGMAALS SKEPE

In die vorige artikel is daarop gewys dat die Brits-Amerikaanse bondgenote oor 'n geweldige oorlogspotensiaal beskik maar dat dit nog altyd 'n lastige vraag is hoe en waar hierdie oorlogstuig en mensemateriaal teen die vyand doeltreffend gebruik kan word. Vliegtuigbombardemente van uit Brittanje as basis op Duitsland is wel moontlik maar dit is te betwyfel of 'n oorlog op hierdie manier gewen kan word. Mense en oorlogstuig kan na Rusland, die enigste bondgenoot in Europa, gestuur word. Daar die vernaamste Russiese seehawens egter deur die vyand beset of beheer word, en ook om geografiese redes, sal dit vir die Britte en Amerikane onmoontlik wees om hulle oorlogspotensiaal op groot skaal in Rusland teen die vyand te gebruik. 'n Derde manier sal waarskynlik wees om 'n landing in Europa te maak en 'n tweede front teen die Spilmagte in die lewe te roep. Wat die Britte en Amerikaane ookal mag doen om hulle oorlogspotensiaal teen die vyand te mobiliseer, sal dit altyd 'n vraag wees van skepe en nogmaals skepe. Vir Brittanje en Amerika word die oorlogvoering bepaal nie so seer deur die besit van 'n opper-

(Vervolg op bls. 3 kol. 1)

**Rook Springbok-Sigarette**

## Korrespondensie

### Geestelike Verwildering

ieagte Redakteur,

Wie „Kol" is wat sy gemoed oor Geestelike Verwintering" lug in Die Matie" van 10 April, weet ek ie, maar ek sal hom nòg 'n puriein nòg 'n sieklike dwaas noem. )ie eerste is hy nie en ek ook nie; naar ons loop altwee gevaar om eur 'n sekere seksie op Stellenbosch ir die tweede aangesien te word s ons dit waag om ons teleurstelling uit te spreek oor die oppervlakigheid en gebrek aan erns (om dit baie sag uit te druk) wat ons akademiese kringe op Stellenbosch kennerk.

Maar miskien is dit te wyte aan ns eie swakheid. Wie weet? Miskien het ons met te hoë ideale en erwagtings na Stellenbosch gekom —en tereg ook nie waar nie?—want s hierdie beroemde eikestad van ns dan nie die Mekka van die Afrierdom; die hoofsetel van die C.S.V., lie teologiese kweekskool van die N.G. Kerk; die brandpunt van die Afrikaanse kultuur; die één trotse Volksuniversiteit van die nageslag van die Voortrekkers nie en nog baie ander mooi dinge waarop ons trots voel nie? Ja, ou vriend, ons adem hier mos die egte Afrikaanse geur soos die bestes — die Langenhovens, Malans, Malherbes en ander bestes van ons volk dit ge-adem het. Met trots: professore en studente — almal 100% super Afrikaners.

Ja, onbekende vriend Kol, ons twee het gedink hier brand 'n vuur wat nie kan geblus word nie, né? Erken maar met my ons twee het gevoel soos twee plaasjapies wat te minderwaardig en onbelangrik is vir so 'n verfynde, kultuurskeppende volksplek van kennis, mag en idees.

Ons was skrikkerig vir die gloed en wou alleen tevrede wees om maar net op 'n afstand te staan en ons te verwarm.

Maar as 'n mens so 'n jaar of drie, vier, vyf hier dinge deur gekyk het kom die ontnugterings so een na die ander, en 'n mens vra jouself af wat nou by ons toekomstige geestelike volksleiers, en super Afrikaners die swaarste weeg: plesier of studies? Watter van die twee pak hy met die meeste erns aan?

As eerstejaarstudent het jy jou aan die dopery met al sy onsinnige uitspattinge en skandalige ontaardinge onderwerp, en as tweedejaar het jy self daaraan deelgeneem. Dit is mos 'n deel van die universiteitsfunksies en staan onder beskerming van die Universiteit. Of is ek verkeerd, Kol?

Ook het jy deelgeneem aan die tydmorsende se steriotiepe Juniordagfunksie waarvan die gees die beste geken word uit „Die Junior self. So 'n pragtige „volksgees" dat selfs die „Stellenboschse Student" daarteen geprotesteer het.

En dan al die baie fakulteitsfunksies, klubfunksies, huisfunksies, bondsfunksies met danspartye deur die week en deur die jaar, om nie eens van die fliek te praat nie.

Ek voel saam met jou, vriend, oor al hierdie dinge en oor nog meer wat jy genoem het want dit werk gebrek aan dissipline in die hand. Jy het dit fos gesien by die kiesing van 'n dirigent en by die sangoefeninge waar ure van ons studente se kosbare tyd onnodig vermors word. Jy weet mos hoe gedisiplineerd die medevriende — ek bedoel Afrikaners — belangrike monstervergaderings bywoon en soos jy self genoem het, ander kultuurverenigings.

Dan kla die ouers as daar aan die end van die jaar so baie saudente hulle eksamens sak. Die arme ouers wat nie weet hoe die studente deur plesierfunksies uit hulle werk gehou word nie.

Ons vra onsself af, is daar dan nie 'n hoër gesag op Stellenbosch as die S.V.R. nie? Wanneer sal die gesaghebbende mense dan aan hierdie aspek van ons studentelewe 'n bietjie aandag gee inplaas van manifeste en kontramanifeste uit te vaardig wat Stellenbosch se naam moet opveisel.

Wat help dit ook vir jou en my om daaroor te kla, Kol, die Universiteit is mos 'n plek van „light" liberty and learning" waar maar gedweep kan word met „die vryheid van die indiwidu."

Innige meegevoel, Kol, en tot siens né!

Jou vriend,

*Punt.*

(Vervolg van bls. 2 kol. 4)

magtige oorlogsvloot alleen nie, maar veral deur die besit van vragen transportskepe om grondstowwe na die fabrieke, om oorlogstuig en mensemateriaal na die oorlogsfront en om noodsaaklike lewensbehoeftes na die tuisfront sowel as na die oorlogsfront aan te voer. Die geweldige uitbreiding van die oorlog sedert Desember 1941, die verlies van seeweë en strategies-belangrike plekke, die feit dat die Spilmagte oor die binnelyne beskik, die gevaar van die duikboot, dit alles stel geweldige eise aan die Brits-Amerikaanse skeepvaart. As verder in aanmerking geneem word dat skepe van ten minste een miljoen tonnemaat nodig is om 'n leërtjie van een honderd duisend goed uitgeruste troepe van Amerika na Europa te vervoer en dat daardie leër verder van uit die moederland versorg moet word, dan kan die probleem van die skeepvaart enigsins begryp word. Geen wonder dat die „Review of World Affairs" teen diegene waarsku wat aandring op die sending van 'n leër na die Vasteland en hulle die raad gee om die „Dispatches" van lord Gort, gepubliseer in Oktober 1941 en handelende oor die Britse Ekspedisieleër in Frankryk, te lees.

Skepe, skepe en nog meer skepe! Dit begryp die Britte en Amerikane maar al te goed en vandaar die geweldige skeepsbou-program van Amerika. Skepe, en nog meer skepe! Dit begryp ook die vyand.

### Departement van Landbou

Tydens die afwesigheid van dr. J. S. Marais, in sy hoedanigheid as lid van die Voedsel-Beheerraad, sal prof. W. J. Pretorius as waarnemende Prinsipaal van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege optree.

Die Departement van Landbou het intussen mnr. P. E. de Waal, M.Sc. Agric., van die Departement van Landbou in Pretoria, aan die Universiteit afgestaan om behulpsaam te wees in die afdeling Landbou-Ekonomie.

Die ritseling van aandrokke en die swart en wit glans van aandpakke gemeng met die rykdom van kleur en keur van tropiese blomme, het 'n heerlike Hawaiise atmosfeer Vrydagaand in die banketsaal geskep. Swierige blommekranse om die dansers se nekke het die skouspel verryk. 'n Mens kon byna die golwe hoor klots op die palmryke strand, rooi en goud in die ondergaande son. Maar wat is dit alles? Sonop se huisfunksie natuurlik!

* * *

En dan was Dagbreek ook weer aan die beurt met 'n huisfunksie. Verlede Donderdagaand, die 16de, het Dagbreek gelyk — om die woorde van een van die eerstejaar dametjies te gebruik — soos 'n „fairy land." Mnr. Eddie Botha was maar lastig by die ander kêrels se nôiens en mnr. Piet Zeeman was ook van tyd tot tyd sigbaar.

## Onder Onsies

Mej. S. Nieuwoudt is in die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes terwyl geneeshere vasstel of dit 'n geval van witseerkeel is. Intussen gorrel die agterblywende inwoners van Huis de Villiers permanganaat by die gelling!

* * *

'n Gerug doen die rondte dat Huisten-Bosch verlede Saterdagaand deur die wingerd geloop het. Aangesien dr. en mev. Wilcocks en dr. en mev. Kempen die eregaste by hierdie buffetsopie was, vertrou ons dat dit darem nie te erg toegegaan het nie.

* * *

Harmonie se dansfunksie wat verlede Saterdagaand in die Conservesaal gehou was, was 'n baie groot sukses. „Die saal en die nooiens was mooi" — so sê die mans.

* * *

'n Brand het verlede Woensdagaand in Sonop uitgebreek. Die vuur is egter gou geblus deur die onverskrokke dames. Al wat in die slag gebly het was Kamer No. 84 C se gordyne en Jantjie se breiwerk.

* * *

Mnr. Chris du Toit, onderwyser op Calvinia, het die naweek in Mostertsdrif deurgebring.

* * *

Mej. S. Nieuwoudt van Huis-de-Villiers is terug van die hospitaal. Mnr. Jan van Graan verheug hom dat die besoekure nou geriefliker pas.

* * *

Nieteenstaande verskeie dreigemente van die kant van die publiek, neem die serenades onder die studente baie toe.

Om die saak nog meer aantreklik te maak het 'n aantal here Maandagaand gesellig feesgevier om 'n vuur in die bos tussen Dagbreek en Sonop, en die omgewing verkwik met hul soete sang.


*Daar's 'n Rede*

Die knapste Student kry die beste pos.

Die beste Drukwerk trek die meeste aandag.

Ons is bekend vir kwaliteit drukwerk teen konkurrerende pryse.

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Die Laan, Stellenbosch.

8 UUR FOTODIENS

U films kan nou in 8 uur ontwikkel en afgedruk word

VERGROTINGS 'N SPESIALITEIT

8-Uur Fotodiens
V/h Herold's Ateljee
Andringastraat - Stellenbosch

**PLAZA**
(Foon 0013.)

GARY COOPER
Op sy beste in die mees bindende Skouspel

**Sergeant York**
Warner Bros.' Prestasie

*met Walter Brennan en George Tobias*

*VRYDAG, 24 en SATERDAG, 25 APRIL.*

*Studente!*
Wees ekonomies en gaan versigtig te werk.

Laat

**J. B. COETZEE**

u volgende pak klere of kleurbaadjie maak.

AGENT VIR NANNUCCI DROOG SKOONMAKERS.

*Andringastraat.*

*DAMES*

Wat ons nie het nie, kry ons.

Wat ons nie kan kry nie, maak ons.

*PROBEER*

*Tant Mita*
se
*Modewinkel*

*MATIES*
*ONTHOU!*
Die
REKREASIE SALON'S
Is hier om tot Diens te wees
Vir beide Mans en Dames Studente.

Foon 317.
Reg oor die Poskantoor.

**Alfred Blommaert,**

(Foon 48 en 176)
Kerkstraat,
STELLENBOSCH.

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

GEVRA

50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar „om Patriot" sal vra.

VOORBRAND TABAK MAATSKAPPY (Edms) Bpk.
KOMMISSARISSTRAAT 200,
JOHANNESBURG.

# Rook Springbok-Sigarette

# Die Japanse Handelsmarine

Weëns sy geografiese ligging is die Japanners verplig om 'n seevarende volk te wees. Tot die jaar 1615 het Japanese skepe die suidelik oseane bevaar en selfs Indië bereik. Toe het die Jokugawa-Shogoens die Japanse hawens gesluit en op skeepsbou en buitelandse handel is die doodstraf gestel. Vir 240 jaar het die Japanners 'n kluisenaarslewe gelei. Vanaf die 17e tot die laaste derde van die 19e eeu het Japan nòg 'n Handels-, nòg 'n Oorlogsmarine gehad. Toe die nuwe tyd aanbreek het Japan twee-en-'n-half eeue agter die Westerse seevarende nasies gestaan.

DIE EERSTE STOOMBOOT.

Reeds gou na sy bewindsaanvaarding het die Meiji-Tenno tot die gevolgtrekking gekom dat die belangrikste middel tot industrialisasie, tot die beveiliging van Japan teen die vreemdelinge, die besit van 'n sterk vloot is. Nadat die verbod van die Shogoens op die bou van oopsee skepe formeel opgehef is, is in 1869 'n wet gemaak wat die bou van Japanse skepe na Westerse model voorgeskryf het. Om hierdie Westerse model in die hande te kry was egter nie maklik nie. Die Japanse studiekommissies in Engeland en Amerika het heel dikwels voor geslote deure te staan gekom. Toe hulle eindelik in England 'n skeepsplan te koop gekry het, het dit by die bou van die skip geblyk dat die plan opsetlik verkeerde mate bevat het. Toe die voltooide vaartuig van stapel gelaat is, het dit omgekantel en vyftien Japanners gedood. Die Engelse plan het die gewig so onreëlmatig verdeel dat alle latere pogings om die skip vlot te maak misluk het.

Die Japanse leiers moes hul verontwaardiging maar opkrop, skeepsbou voorlopig opgee en instede ou Amerikaanse en Europese skepe aankoop. Dié het hul so goed soos hul kon gerepareer in hul primitiewe werkplekke, en deur ondernemingsgees en deursettingsvermoë het hul opgemaak vir hul gebrek aan tegniese middele.

AMERIKAANSE VERBOD.

Toe die Japanners in 1874 Formosa beset het, was dit nog steeds Amerikaanse skepe wat die troepe vervoer het. Chinese proteste het die V.S.A. uiteindelik gedwing tot 'n neutraliteitsverklaring en 'n verbod op Amerikaanse rederye om Japanse troepe te vervoer. Onmiddellik het die huurprys vir skepe duiselingwekkend gestyg.

Yotaro Iwasaki, besigheidsbestuurder van die Daimyo van Tosa, het sy kans gesien. Hy het sy hoof se agt klein skepies geneem, verder alle vreemde privaat-stoombote in Japanse hawens in dié se naam gehuur, die Japanse vlag daarop gehys, en begin troepe vervoer. Daar hy prakties 'n monopolie besit het, het hy gou meer as 10 miljoen yen verdien: die fortuin van die Huis van Mitsubishi was gemaak.

Instede van Iwasaki se oorlogswinste af te neem, het die regering in 1875 alle staatskepe aan hom oorgemaak en hom verder vir die bou van skepe 'n jaarlikse subsidie van 250,000 yen betaal.

**Teen hierdie tyd was daar 149 skepe van altesaam 42,000 ton onder die Japanese vlag geregistreer. Presies vyftig jaar later het die Japanese Handelsmarine oor meer as 4,000,000 ton beskik.**

Jac. J. du Toit & Kie.

Die studente kleremakers nooi u om die nuwe voorraad stoffasie te kom besigtig en u keuse te doen.

Studente kleurbaadjies kan u hier kry.

Op hoek van Van Ryneveld- en Pleinstrate.

# Villiersdorp Oudstudente-Funksie

Saterdagaand l.l. is 'n puik funksie gehou deur die oudstudentebond van die Hoërskool de Villiers Graaff, Villiersdorp, in die C.S.V.-saal.

Die funksie was uitstekend georganiseer, daar was 'n ware gees van eenheid onder die oudstudente, en elkeen is hegter aan die Alma Mater gebind.

Buiten die oudstudente aan die plaaslike Universiteit was daar ook 'n paar oudstudente van die Universiteit Kaapstad asook vier onderwysers wat vir die aand van Villiersdorp oorgekom het.

# Stoei

Die huidige bestuur van die stoeiklub van die Universiteit van Stellenbosch is as volg saamgestel:—

Kaptein: A. C. Greeff.
Onderkaptein: J. Boonzaaier.
Sekretaris: A. H. du Toit.
Komiteelid: F. Niemand.

Na 'n jaar van skitterende sukses en prestasies het die stoeiers nou alle rede om die toekoms met vertroue tegemoet te gaan, veral as in aanmerking geneem word dat hulle nou A. C. Harding, gewese S.-A. liggewigkampioen, as afrigter het.

Die klub het 'n groot verlies gely met die vertrek van H. P. Jordaan, hul vorige kaptein, aan wie se vlyt en ywer die sukses van die afgelope jaar grotendeels toe te skryf is.

'n Groot aantal nuwelinge woon reeds die oefeninge by wat inderdaad aanmoedigend is.

Die klub sal alle pogings aanwend om so gou as moontlik weer kragte te meet met ander klubs in die W.P. soos die Ikeys, Leër, S.D.B., Paarl, Maccabi, Y.M.C.A. en ander.

# Dames Hokkie

## Eerstespan Ongelukkig Om te Verloor

Die Matie-eerstespan was ongelukkig om 2 — 0 te verloor teen Groen- en Seepunt. Was die wedstryd op die tuisveld sou die uitslag sonder twyfel anders gewees het. Die Groenpuntse veld is van die swakste en is op die oomblik erger as ooit tevore. Die ongelyke oppervlakte, waaraan die opponente gewoond is, het die Maties se gewone vinnige spel haas onmoontlik gemaak. Nietemin was die verdediging deurgaans goed en na rustyd was die voorspelers se kombinasie hegter met Iris Ettling in die middelposisie en Marais op die regtervleuel. As hierdie ruiling vroeër in die spel gedoen was, sou daar heelwaarskynlik bekroning gewees het vir vir voorspeler-bewegings. 1 Res. A het gelykop gespeel teen Groen- en Seepunt 1 Reserwe. Die tweede span het besonder mooi gespeel en 3—0 gewen op dieselfde veld.

### Reserwe Spanne

Op die plaaslike veld het 1 Reserwe B, Tweede B en Tweede Reserwe met geringe tellings verloor teen die besoekende spanne.

Saterdag se wedstryd was van besondere belang in soverre dit geleentheid gebied het vir nuwelinge om eie waarde te toon. Daar kan dus verwag word dat voor Intervarsity, ons volgende wedstryd, heelwat verskuiwings sal plaasvind wat betref posisie sowel as span.

**Goeie Raad !**

Vir Netjiese Drukwerk en ander Skryfbehoeftes

Besoek

**DOWSON**

Ons Staf tot U Diens.

# Musiek-Rubriek

## 'n Paar Minder Bekende Toonkunstenaars uit die 17e Eeu

(1) **Jean Baptiste Lully** is gebore te Florence, 29 Nov. 1632 en het gesterwe te Parys, 22 Maart 1687. Hy het sy vroegste musikale opleiding van 'n monnik gekry, wat hom die guitar en die algemene beginsels van musiek geleer het. Reeds vroeg in sy lewe het 'n groot geluk hom getref — die geluk wat hom die res van sy lewe bygebly het. Gedurende 'n reis deur Italië het die Hertog van Guise op die seun afgekom. Aangesien Guise se niggie juis gesoek het na 'n slim jong Italianer om haar sy taal te leer, het hy die seun, toe sowat tien jaar oud, na Frankryk saamgeneem. As kombuisbediende het hy in die diens van die adellike dame getree, en sy vrye tyd daaraan bestee om die populêre liedjies van sy tyd te leer.

Die Graaf Nocent wat hom eendag hoor sing het, was so getref sy talent, dat hy die dame aan die seun se teenwoordigheid herinner het. Sy het in die tussentyd vergeet van die Italiaanse lesse, maar het nietemin die seun uit die kombuis promoveer na haar private orkes waar hy hom gou onderskei het.

Lodewyk XIV, toe 'n seun van sowat vyftien jaar, het spoedig Lully se bekwaamheid opgemerk, en toe laasgenoemde uit die gravin se diens ontslaan is, het hy gou 'n pos gekry as een van die koning se beroemde „vier-en-twintig viole."

Lully was 'n gebore howeling, en het die kuns verstaan om materiële voordeel te trek uit die koning se guns. So is hy b.v. aangestel in poste wat lewenslange salarisse met hulle meegebring het, en op 25-jarige leeftyd is hy met 'n geweldige ryk dame getroud. As jong man was hy dus reeds instaat om die armoede te vermy wat so dikwels die lot was van groot musikante.

Sedert 1669 was hy alleenheerser oor die hele Franse musieklewe. Omstreeks dié tyd het hy bevriend geraak met Molière, met wie hy saamgewerk het aan die skepping van talryke ballette. In samewerking met die digter Quinault, het hy die eerste werklike Franse opera „Les Fetes de l'Amour et de Bacchus" gekomponeer (1672). Vir veertien jaar lank het hy met hierdie digter saamgewerk. Gedurende dié tyd het Lully nie minder as twintig operas geskryf nie. Kerkmusiek was ook 'n vrugbare veld vir sy skeppingsvermoë. Sy dood is indirek hieraan verbonde. Terwyl hy op 8 Junie 1687 'n Te Deum gedirigeer het, het hy per ongeluk sy voet met sy baton raakgeslaan, bloedvergiftiging het ingetree waaraan hy twee maande later oorlede is.

(2) **Francois Couperin**, genoem „Le Grand" om hom te onderskei van tien ander musikante van dieselfde naam, is gebore te Parys op 10 Nov. 1668, en is dood op 12 Sept. 1733. Sy vroegste musiekonderrig het hy van sy vader gekry. Daarna het hy studeer onder Thomelin, orrelis van die koninklike kapel, wie se opvolger hy was.

Vanaf 1685 tot sy dood in 1733 was hy orrelis in die kerk van St. Gervais te Parys. In 1717 het hy verder die aanstelling gekry van cembalo-speler en onderwyser vir die koninklike familie.

Sy roem as komponis het gou na alle musieksentra van Europa versprei, en sy invloed op J. S. Bach is onmiskenbaar. Die Suite en Partitas, sowel as die solo-werke vir viool en tjello van laasgenoemde is dikwels in getroue navolging van Couperin. Wanneer Bach party van sy suites as Frans bestempel bedoel hy daarby die tipe van komposisie soos deur Couperin geskep.

Aan die anderkant is die werke van Couperin definitief beïnvloed deur die Italiaanse styl wat so populêr was gedurende dié tyd — die van Corelli kan duidelik herken word in sy kamermusiek.

Couperin het nie soos sy beroemde voorgangers Merula en Frescobaldi vir orrel sowel as cembalo geskrywe nie, maar uitsluitlik vir laasgenoemde. Hy het baie gebruik gemaak van ornamente ten einde te vergoed vir die gebrek aan klankkleur in die klavierinstrumente van sy tyd. Die klankhoudende eienskappe van die cembalo sedert die tyd van Beethoven, maak hierdie versiersels teenswoordig oorbodig.

Behalwe solowerke vir die cembalo het Couperin stukke geskrywe vir verskillende kombinasies van snaarinstrumente. Hy was die eerste om trios vir twee viole en bas in Frankryk in te voer.

**Stadler en Ko.,**
**(Eiens Bpk.)**

DORPSTRAAT.

Die Winkel vir Diens en Kwaliteit — met 'n glimlag.

Kruideniersware — Ysterware Breekgoed en Skryfbehoefte.

Pyrex en Geslypte Glas.

Agente vir OLIVER PLOEË.

**DIE PÊRELSE STOOMWASSERY**

Kom laat die Firma wat die Beste dienste lewer u ook bedien.

Eienaar : Mnr. W. Marsh.